KINDERTOEWYDING



1. Die Hart van Kindertoewyding
Kinders is ’n kosbare gawe uit die hand van God (Psalm 127:3). Reeds in die Ou Testament sien ons hoe gelowige ouers hul kinders aan die Here opdra. Hanna het haar seun Samuel aan God toegewy nadat Hy haar gebed verhoor het (1 Samuel 1:27–28). Josef en Maria het vir Jesus as baba na die tempel gebring om Hom aan die Here toe te wy (Lukas 2:22–24).

Tydens Jesus se bediening het ouers hul kinders na Hom gebring sodat Hy hulle kon seën (Matteus 19:13–15; Markus 10:13–16; Lukas 18:15–17). Jesus se reaksie wys vir ons hoe belangrik kinders vir Hom is en dat daar ’n plek vir hulle in Sy Koninkryk is.

2. Ouers se Verlange vir Hul Kind
Dit is elke ouer se begeerte dat die lewe van hul kind die voorbeeld van Jesus Christus sal reflekteer: “En Jesus het in wysheid en in lengte en in guns by God en die mense toegeneem.” (Lukas 2:52)

Deuteronomium 6:5–9 herinner ouers aan hul groot verantwoordelikheid om hul kinders deur ’n godvresende leefstyl en voorbeeld te begelei tot volwassenheid en ’n lewe volgens God se wil. Hierdie taak kan nie sonder God se hulp en leiding verrig word nie.

3. Wat ’n Kindertoewyding Beteken
’n Kinder-toewyding is ’n betekenisvolle geleentheid waarin ouers die volgende doen:
3.1 Dankbaarheid
Hulle erken dat die kind ’n geskenk van God is en bedank Hom vir hierdie kosbare lewe.

3.2 Afhanklikheid
Hulle bely hul afhanklikheid van God en vra Sy hulp om hul kind tot Sy eer groot te maak.

3.3 Verbintenis
Hulle onderneem om:

- saam met die kerk hul kind deur voorbeeld en onderrig te begelei;
- hul kind te help groei tot ’n persoonlike verhouding met God;
- die kind groot te maak volgens Bybelse beginsels en ’n Christelike leefstyl;
- vir die kind te bid, hom/haar te beskerm en geestelike leiding te gee.

3.4 Seën
Hulle verklaar hul begeerte dat God die kind sal seën, bewaar en voorsien, en dat Sy guns op sy/haar lewe sal rus.

4. Waarom Toewy en Nie Doop Nie?
Die Bybel leer dat die **doop ’n instelling vir gelowiges** is — vir mense wat ’n persoonlike keuse maak om Jesus Christus as hul Verlosser en Here te volg (Matteus 28:19).

In die Nuwe Testament word uitsluitlik **volwassenes of ouer kinders** gedoop — mense wat die evangelie kan verstaan en self ’n geloofskeuse kan maak (Handelinge 2:38, 41; 8:12).

Ons gemeente se riglyn is dat kinders wat ’n geloofsbelydenis kan aflê van wedergeboorte, waarna hulle op grond van hul eie besluit gedoop kan word.

5. Ouers se Verbintenis
Omdat ouers ’n bepalende rol speel in ’n kind se vorming, word hulle aangemoedig om die volgende te onderneem:
5.1 Dankbaarheid: Ons ontvang hierdie kind as ’n seën uit God se hand.

5.2 Stabiliteit: Ons sal ’n veilige en stabiele omgewing skep waarin die kind kan groei.

5.3 Huweliksverhouding: Ons sal aan ons verhouding werk om ’n huis vol liefde, ondersteuning en veiligheid te bied.

5.4 Geestelike Voorbeeld: Ons sal deur ons persoonlike verhouding met God die kind geestelik lei, in die vertroue dat hy/sy op ’n dag self Jesus sal aanneem as Verlosser.

5.5 Holistiese Versorging: Ons sal na die kind se fisiese én geestelike behoeftes omsien en sy/haar ontwikkeling biddend ondersteun.

5.6 Geduld en Liefde: Ons sal ons kind so opvoed dat hy/sy sy/haar Godgegewe potensiaal kan bereik.

6. Ouderdom vir Toewyding
Daar is geen voorgeskrewe ouderdom vir toewyding nie. Die meeste kinders word tussen **vier en agt maande** oud toegewy, maar ouers wat later tot bekering gekom het of vroeër nie die geleentheid gehad het nie, is net so welkom.

7. Enkelouers en Ongetroude Ouers
Enkelouers dra dieselfde geestelike verantwoordelikheid en word aangemoedig om hul kinders toe te wy. Die gemeente staan gereed om dieselfde ondersteuning te bied as aan getroude ouers.

Waar ouers saam woon maar nie getroud is nie, word hulle liefdevol aangemoedig om hul verhouding voor God te orden en Hom te gehoorsaam in Sy wil vir gesinslewe.

8. ’n Feesmoment vir Familie en Gemeente
Ouer(s) is welkom om familie, vriende en kollegas te nooi. ’n Toewyding is ’n vreugdevolle geleentheid wat saam gevier moet word — ’n getuienis van die ouers se geloof en hul verbintenis aan Jesus Christus.